

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 437

15 APRIL 2016

METODE VAN BETALING VAN BELASTING VOORGESKRYF INGEVOLGE ARTIKEL 162(2) VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011)

Ingevolge artikel 162(2) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, skryf ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby as volg voor:

1. Met ingang van 1 Mei 2016 moet enige betaling gemaak ten opsigte van belastings ingesamel ingevolge 'n "Belastingwet" soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, omskryf, ofwel elektronies of by 'n goedgekeurde finansiële instelling gemaak word.
2. Hierdie kennisgewing vervang Kennisgewing 415 wat in *Staatskoerant* 37690 van 30 Mei 2014 gepubliseer is.

T S MOYANE**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**